CAS J.A. VOS

*Theopoetry of the Psalms*

Pretoria: Protea Book House. ISBN 1-86919-098-X. 423 pp.
Prys: R180-00.

In sy nuwe boek *Theopoetry of the Psalms*, nooi Prof. Cas Vos, dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, die leser saam op 'n reis deur die landskap van die Psalms. Soos wat Bettie Cilliers-Barnard se *Klooster*skildery op die voorblad suggereer, word 'n reis van verwondering, misterie en lig op elke bladsy ontsluit.

Soos wat die titel van die boek verwoord, help die skrywer, self 'n digter van formaat met drie gepubliseerde bundels wat reeds uit sy pen gevloei het, die leser om te ontdek dat die Psalms poësie oor God is. In helderklinkende taal, wat opklink uit die hele boek, word in Hoofstuk 1 tot ontdekking gekom dat die Psalmboek 'n reisgenoot op die lewensreis word. Ten einde tot 'n eie navigasie-oriëntasie vir die reis te kom, wys die skrywer in Hoofstuk 2 daarop dat die poësie van die Psalms op verskillende maniere gelees en verstaan kan word.

Die reis word tot nuwe vergesigte gelei in die fyn artikulering van 'n aantal hermeneutiese en homiletiese brûe vir die leser. Op omvattende en vernuwende wyse word die leser verras met 'n seleksie van 16 moontlike Psalmbrûe wat uit die Psalmlandskap oorgesteek word (Psalm 1, 2, 13, 19, 23, 24, 73, 99, 100, 104, 111, 112, 121, 137, 139 en 150). Die brûe is argitektonies só gekies dat dit nie net die eksegetiese landskap van die Psalms karteer nie, maar ook hermeneutiese en homiletiese kontoere skets. In die bespreking van die onderskeie Psalms word onder andere boustene van struktuur, literêre genre, datering, tekskritiek, motiewe, interpretasie en die formulering van 'n moontlike boodskap gebruik om vir die leser 'n oorgang tot nuwe betekenis te skep.

Die leser word onder andere genooi om in Psalm 1 die poort tot die Psalmboek te ontdek. Vos se bespreking van Psalm 1 skets die reis van die regverdige voor die oë van die Here. Die aktualiteit waarmee die boodskap van Psalm 1 verwoord word, kontekstualiseer dit tot betekenis vir die hedendaagse leser.

Van die ander Psalmbrûe waaroor die leser gelei word, is onder meer die individuele Klaagpsalm van Psalm 13 wat 'n nuwe brug slaan tussen 'n individuele klaaglied en loflied. In Psalm 23 word die leser deur die impasse van die vraag na 'n Christologiese interpretasie gelei na 'n moontlike uitkomsroete. Die pelgrim, wat onder meer gekontekstualiseer word as reisiger op 'n stoomtrein, word opgeroep om Psalm 121 oor te bid in afhanklikheid van die Here. Die laaste brug wat in Psalm 150 aan die hand van die skrywer oorgesteek word, nooi die leser om voortgaande die lof van die Here te sing.

Die boek het egter nie net ten doel om ervare Bybelwetenskaplikes op reis te neem nie, maar dien ook as uitnodiging vir die persoon met 'n oog vir die homiletiese en liturgiese landskap. Die reis word voortgesit as 'n uitgebreide homiletiese perspektief op die psalms in Hoofstuk 4 gebied word. Die homiletiese teorie word deeglik begrond en verskeie aspekte van die hermeneuties-kommunikatiewe benadering, soos onder meer die gebruik van metafore word aangespreek. Volledige roeteaanwysings word gebied as die prediker onder meer begelei word in die keuse van die kreatiewe vormgewing van die preek tot die redigering van die teks.

In hoofstuk 5 word in besonder aandag aan die rol van die Psalms in die liturgie geskenk. Die liturgiese waarde van die Psalms as voetpaaie na die verskillende liturgiese bewegings word deeglik bewandel. In die ontdekking dat die psalms gelees, gesing en gebid kan word, word die liturgie op 'n kreatiewe wyse geïnformeer. Op besondere wyse word prakties aangetoon hoe die psalms in die liturgie bewandel kan word. Die skrywer laat die leser met 'n vergesig as hy die boek sluit met 'n preek oor Psalm 134 waarvan die boodskap die leser bybly lank nadat die boek toegemaak is.

Op uitnemende wyse word die leser begelei om van die eerste bladsy tot aan die einde van die boek betekenis uit die reis deur die Psalms te put. Besonder behulpsaam is die subjek- sowel as teksindeks aan die einde van die boek. Dit help die leser om voortdurend merkers te vind vir die leesreis.

Prof. Vos se boek lewer op 'n besondere wyse 'n bydrae tot 'n nuwe reiservaring van die Psalms. Die reis word op 'n besondere wyse deur die outeur verwoord en selfs verder geaksentueer deur die insluiting van sy eie gedigte. Tereg word die boek, ten spyte daarvan dat Prof. Vos al wyd gepubliseer het, deur sommige as sy *magnum opus* beskou.

Ek beveel graag die boek *Theopoetry of the Psalms* van harte aan. Die boek het vir die ingeligte Bybelwetenskaplike, die verantwoordelike homileet en die vernuwende liturg betekenis. Dit is 'n aanwins en moet vir die boekrak van elke teoloog. Nie net beloof dit ure van 'n besonderse leesreis nie, maar ook die vind van skatte van studeertafel tot kansel.

Dr. Jan-Albert van den Berg
Departement Praktiese Teologie
Universiteit van die Vrystaat.